# Geopende *Deure* NUUSBRIEF




**MAART/ APRIL 2020**

Ondanks stygende gevaar, help jy gelowiges om te sê: *"Ons is nie alleen nie. God is by ons."* bl. 2 | Danksy jou staan voormalige Moslems nou heelhartig vir Christus! bl. 3
Vanuit Jan se perspektief, bl. 4 | Wat jy moet weet oor die 2020 Wêreldwaarnemingslys, bl. 5



## Ondanks stygende gevaar, help jy gelowiges om te sê:

# *“Ons is nie alleen nie. God is by ons.”*

Altesaam 260 miljoen Christene wêreldwyd ervaar deesdae minstens “hoë” vlakke van vervolging vir hul geloof. Die nuwe 2020 Wêreldwaarnemingslys wys waarom jou ondersteuning noodsaaklik is – omdat die aantal gelowiges wat op nuwe maniere hierdeur geraak word, toeneem.

Gewelddadige Islamitiese militante in sub-Sahara Afrika neem toe, en veroorsaak geweld in ander lande, soos verlede jaar se selfmoordbomme in Sri Lanka. Vijitha, ŉ lid van een van die kerke in Sri Lanka wat aangeval is, sê:

> *“Na die bomontploffing… wanneer harde geluide voorkom, skreeu my dogter. Sy is steeds baie bang omdat sy haar vriende se lyke gesien het.”*

Burkina Faso het weens die verspreiding van Islamitiese militantheid 33 plekke op die Wêreldwaarnemingslys gespring tot op #28.

Christene in Burkina Faso sê hulle is nou in ŉ stryd vir oorlewing gewikkel. Islamitiese jihadiste het verlede jaar talle aanvalle op Christene uitgevoer. ŉ Vennoot van Geopende Deure in dié land sê:

> *“Christene… is slegs deel van ŉ program van die jihadiste, wat doelbewus terreur saai, en lede van Christelike gemeenskappe vermoor en diegene wat oorbly dwing om te vlug.”*

Nog ŉ kommerwekkende neiging is dat vervolging nou ook deur biometriese tegnologie en kunsmatige intelligensie gebeur. Dit word gebruik om mense in outoritêre state soos China (#23 op die Wêreldwaarnemingslys) te monitor. Pastoor Jin,* wat drie jaar gelede deur die Chinese regering aangehou en later vrygelaat is, vertel:

> *“Ek is sorgvuldig gemonitor. Die regering het teen 2018 sy landwye moniteringstelsel geïmplementeer, met miljoene kameras en gesigsherkenning-programmatuur. Ek was op hul databasis en ‘herkenbaar’ as ek verby een van hul kameras geloop het. Ek het basies ‘naspeurbaar’ geword, soos groente in die winkel. Al wat gekort het, was die strepieskode!”*

**Ondanks die stand van sake, is daar egter goeie nuus – en jy help om dit moontlik te maak!** Selfs al hou die vervolging aan om wêreldwyd toe te neem, hoor ons *wonderbaarlike getuienisse van mense in die donkerste plekke wat hul harte vir Christus gee.* Hulle kies Christus ten spyte van die prys wat hulle daarvoor betaal. Danksy jou wat na hulle uitreik deur Geopende Deure, kry al meer gelowiges die ondersteuning wat hulle nodig het om Christus te volg. Imeldo, ŉ gelowige in Latyns-Amerika, sê:

> *“Ons weet dat ons nie alleen is nie. Eerstens is God by ons. En ook Geopende Deure. God seën Geopende Deure in oorvloed, asook almal wat daar werk en by dié bediening geïntegreer is. Ons dank God vir hulle ondersteuning.”*

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

# Danksy jou staan voormalige Moslems nou heelhartig vir Christus!

Abdul van Kameroen is ŉ kleremaker en ook ŉ volgeling van Christus vanuit ŉ Moslem-agtergrond. Sy nasie is vir die eerste keer op die Wêreldwaarnemingslys op #48 – namate Moslem-radikalisering om hom groei.

Hy en ander Christene probeer ŉ bestaan maak en hul missie uitleef om Christus te verheerlik – ondanks die moeilike omstandighede.

Abdul het al baie struikelblokke weens sy geloof verduur, insluitende dat sy vrou hom geskei het en probeer om hom van sy sewe kinders te vervreem. Die voortdurende druk het uiteindelik daartoe gelei dat hy sy tuisdorp moes verlaat.

Hy het uiteindelik ŉ geskikte plek in ŉ nuwe dorp gekry om sy kleremakersonderneming te hervat. Danksy jou ondersteuning kon hy ook vyf ander kleremakers begin oplei. Drie van hulle is Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond – en soos wat hulle saam naaldwerk doen, saai Abdul ook lewe en waarheid in hul harte deur hulle te help met dissipelskap in hul reis saam met Christus.

Jy het ook gehelp dat Danki, nog ŉ gelowige wat deur Abdul in dissipelskap bearbei is, sy eie barbierswinkel kon oopmaak om sy familie te ondersteun. Danki sê met ŉ groot glimlag:

> *"Mag God almal seën wat my gehelp het om hierdie onderneming oop te maak. Hulle het die Bybel gerespekteer deur vir hul buurman lief te wees. Elke keer wat ek na myself en my onderneming kyk, voel dit soos ŉ droom."*

Dankie dat jy gehelp het om lafenis, hoop en veerkragtigheid aan hierdie gelowiges te bring in hul stryd teen vervolging.





# VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgde Kerk

Geopende Deure se 2020 Wêreldwaarnemingslys wys dat die vervolging van ons broers en susters steeds toeneem. Wanneer ŉ mens na vanjaar se lys kyk en lees wat hulle deurmaak, wil jy uitroep: *"Hoe lank nog, Here?"* (Psalm 13:1). Hoe lank gaan hulle nog ly; hoe lank sal die Bose Een oor hulle triomfeer?

Christene op ons eie Afrika-kontinent ervaar allerhande gruweldade vir die Naam van ons Here, soos gesien kan word in Somalië (#3), Libië (#4), Eritrea (#6), Soedan (#7), Nigerië (#12), Egipte (#16), Burkina Faso (#28) en talle ander Afrikalande waar Christene erg geteiken word deur Islamitiese ekstremiste.

Indien ons na die oorsese situasie kyk, is dit duidelik dat daar in lande soos Irak ŉ 87% vermindering van Christene in een generasie is. In Indië het minstens 447 geverifieerde voorvalle van geweld en haatdraende misdade teen Christene al plaasgevind.

Hoewel die situasie droewig lyk, prys ons die Here omdat ons en ons vervolgde familie nie bang hoef te wees nie, aangesien God by ons is en vir ons baklei, soos Deuteronomium 20:4 sê:

*"Die Here jou God is die een wat saam met jou gaan om vir jou teen jou vyande te veg en aan jou ŉ oorwinning te gee."*

Mag God jou seën terwyl jy voortgaan om ŉ bron van krag en aanmoediging vir jou vervolgde broers en susters te wees. Jou deurlopende gebede en ondersteuning verseker hulle dat hulle nie alleen is nie!

Dankie dat jy God se hande en voete is vir diegene wat alles op die spel plaas om Hom in geslote lande te bedien en te aanbid!

Saam in Sy diens





Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika

**Jy gaan van hierdie maand af elke tweede maand jou nuusbrief en twee gebedskalenders ontvang.**

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T** +27 11 888 9341
**F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org
**I** www.opendoors.org.za

**Open Doors South Africa**

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568 Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: **+27 11 888 9362**)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.
Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org
**REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho**